# DIE BETEKENIS VAN DIE BESTAAN VAN DIE NED. HERV. GEMEENTES IN OOS-AFRIKA, 1910 - 1960.

Die Oos-Afrika-avontuur van die Afrikaner van die Suide, beginnende met die vertrek uit Oos-Transvaal in 1903 van sewe families, en kulminerende in die teenwoordigheid in Oos-Afrika teen 1955 van 'n Afrikaanse gemeenskap met 'n beraamde sieletal van nagenoeg drieduisend, was 'n daad, bewustelik aangepak, volhardend voortgeset, noodgedwonge afgelas. My opdrag is om iets te sê oor die betekenis van 'n gedeelte van hierdie daad. Dit kan bewaarlik gedoen word sonder helderheid oor die oorwegings wat die daders by die aanpak daarvan besiel het.

Kerklike of godsdienstige oorwegings wat dit klaarblyklik nie. Ek dra nóg by die eerste nóg by latere groepe kennis van enige aanduiding selfs van voorafinagneming van die kerklik-godsdienstige implikasies van die voorgenome verhuising. Ek het eerder die indruk dat, miskien al op die lang trekpad, maar in elk geval kort ná aankoms in die vreemde, die behoefte aan doopbediening en huweliksbevestiging die vernaamste aanleiding tot die gemis aan die kerk was. Ook die verskil in kerkververband, onder die heel eerste groep sowel as onder latere navolgers, het waarskynlik eers ná vestiging in die vreemde, en nadat ander verskille hierdie verskil op die voorgrond gedring het, die aandag van die landverhuisers begin geniet. Hierdie feit maak die formulering van my onderwerp uiters problematies. Daar sou met relatiewe gemak gespreek kon word oor die betekenis van die Afrikaanse gemeenskap of die Afrikaanse kerke in Oos-Afrika, maar nou staan daar hierboaan „die Ned. Herv. gemeentes". „Die bestaan van die Ned. Herv. gemeentes in Oos-Afrika 1910 - 1960" kan beskou word as die resultaat van die toevallige (?) teenwoordigheid van lidmate van die Ned. Herv. Kerk van Afrika in die omvattender „Oos-Afrika-avontuur van die Afrikaner" as geheel. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om eers die sin en betekenis van hierdie „avontuur" self te probeer peil, ten einde dan daarná aandag te gee aan die teenwoordigheid eers van lidmate en sedert 1910 ook van gemeentes van die Ned. Herv. Kerk in hierdie avontuur.

Ewe klaarblyklik kon die drang na staatkundige vryheid nie die dryfveer agter die verhuising gewees het nie. Daar was op daardie stadium geen duimbreedte grond in Afrika waaróór een of ander Europese vlag nie gewaai het nie. Die mense het getrek in die begin met die uitdruklike wyl aktuele, en later met die stilswyende wyl vanselfsprekende bedoeling om hulle onder die Duitse gesag in „Duits-Oos" of onder die Britse gesag in „Brits-Oos" te gaan vestig. Reëlings is ook by voorbaat by wyse van korrespondensie en/of afvaardiging met die betrokke owerhede getref wat nie alleen toestemming nie, maar ook hulp in verskillende

vorms verleen het. Geen spoor hier van die niks-ontsiende wil tot staatkundige onafhanklikheid wat sewentig jaar vantevore die Groot Trek uit- en aangedryf het en wat o.a. duidelik spreek uit die Manifes van Piet Retief sowel as uit die geskrewe nalatenskap van ander Voortrekkerleiers nie. Daar bestaan 'n dagboek van een van die twee broers Landsberg wat beskou is as die leidende figure van die eerste groep wat op 4 Desember 1904 aan die voet van die Meruberg in die Noorde van Duits-Oos aangekom en halt geroep het op 'n plek wat hulle toe ook Kampfontein genoem het. Hieruit het ek enkele uittreksels aangehoor. Dié het op my eerder die indruk gemaak van behaaglike selfingenomenheid met die self-toegeëiende betiteling „Voortrekkers" as een van toewyding aan 'n verhewe ideaal.

Selfs die voorkeur aan 'n Duitse owerheid in Duits-Oos bó die pas verkreë Engelse heerskappy in Transvaal was miskien hoogstens by enkelinge 'n belangrike oorweging. Dit kón in elke geval alleen by diegene wat hulle in Duits-Oos gaan vestig het, gegeld het. Want in Brits-Oos het dieselfde Albion wat in 1899-1902 die Transvaal en die Vrystaat in puin gelê het, die septer geswaai. En diegene wat hulle in Duits-Oos gaan vestig het, het wel die heel eerste verhuisers onder hulle geledere getel, maar het deurentyd maar 'n heel geringe persentasie van die Afrikaners in Oos-Afrika uitgemaak. Daarboonop het 'n hele aantal van hulle ook nog, nie lank na die aankoms in Duits-Oos nie, en in elk geval geruime tyd voor die uitbreek van die eerste wêreldoorlog, al weer verder verhuis na Brits-Oos. Onder diesulkes tel o.a. bogenoemde vermeende leiers van die heel eerste trek. Die gedagte aan Britse oorheersing kon klaarblyklik vir hierdie mense nie te onoorkomelik afstootlik gewees het nie. Daarby verdien vermelding dat met die uitbreek van die oorlog in 1914, sowel as in die jare daarná, 'n aantal van die Afrikaners in Duits-Oos weliswaar as lojale Duitse onderdane die wapen onder Duitse vandel opgeneem het, maar tenminste net soveel van die Afrikaners van Duits-Oos het hulle in dieselfde tyd as gidse of vir ander diens by die invallende Britse magte gevoeg. Ek moet vermeld dat die Hervormde deel van die heel eerste trek sonder uitsondering in Duits-Oos gebly het, dat 'n aantal van hulle enduit trou saam met Von Lettow-Vorbeck geveg en gevlug het, en dat hierdie manne daarná ook nog die ontbering van 'n jarelange ballingskap in die vreemde moes verduur. En ek meen om in elk geval van één man te móét getuig dat enigiets vir hom verkiesliker was as 'n oomblik onder die Union Jack. Hy was genl. Wynand Charl Malan wat hom in 1907 saam met 'n aansienlike familiegroep aan die anderkant van die Meruberg as waar Kampfontein lê, gaan vestig het. Hy lê ook dáár, op 'n plek met die naam „Ngare Nanyuki" (Masai vir „rooi water") begrawe.

Vir tenminste 90% van die Afrikaners wat déur die tydperk 1904-

1964 na Oos-Afrika verhuis het, het staatkundige oorwegings in die algemeen en in elk geval die drang na staatkundige vryheid, geen noemenswaardige aanleiding tot die verhuising gegee nie. Ek sal aanstonds van 'n ander vryheid praat wat m.i. wel swaar geweeg het.

Vóórdat ek dit doen, wil ek vermeld, want dit hou verlangs daarmee verband, dat, veral in later jare, enkelinge en groepe uit ekonomiese oorwegings verhuis het. As iemand beskik het oor die kennis en ontwikkeling van die gemiddelde blanke in Suid-Afrika, 'n bietjie ondernemingsgees en deursettingsvermoë gehad het, en daarby toegerus was met 'n mate van onverskilligheid teenoor sekeres van die mees vertroetelde geriefies en dierbaarheidjies wat 'n ontwikkelde land en 'n beskaafde samelewing bied, dan kon so 'n iemand in Oos-Afrika makliker en vinniger en meer geld maak as in Suid-Afrika. Die laaste kenmerk wat ek genoem het, nl. 'n bepaalde onverskilligheid m.b.t. die geriefies van die beskawing, vorm die skakel met wat volg.

By die oorgrote meerderheid nl. van die Afrikaners wat tot so laat as die uitbreek van die tweede wêreldoorlog na Oos-Afrika verhuis het, was 'n bepaalde vryheidsdrang m.i. die vernaamste beweergrede daarby. Maar dan 'n vryheidsdrang wat nader gekwalifiseer moet word as die drang na maatskaplike vryheid. Hierdie drang kan ook genoem word pioniersgees of avontuurlus. Paradoksaal genoeg, maar omdat avontuurlus alles behalwe 'n enkelvoudige en reglynige ding is, moet juis hier, só spoedig ná vermelding van die ekonomiese oorwegings by sommiges, in hierdie verband ook die verskynsel vermeld word dat, veral onder die eerste groepe landverhuisers, daar maar min was wat noemenswaardige aardse goed besit het. Hulle het byna niks saamgeneem nie en hulle het weinig agtergelaat. Die weggaan uit Transvaal het nie veel offerkarakter gehad nie. En daardie eerste groepe het ook nie gegaan om aardse goed te gaan verwerf nie. Dat 'n mens daar kon geld maak, het sommige van hulle kinders eers later dáár ontdek. Hulle wóu juis vry wees van die noodsaak van aardse besittings en die daarmee gepaardgaande beslommeringe. Dáárom dat so smartlik min van hulle by hulle aankoms dáár, met die skoonste en die vrugbaarste en die rykste grond in Afrika maatloos en gratis tot hulle beskikking, hulle verwerdig het om grondbesitters te word. „Ag nee wat, dominee", het oom Nan Pretorius, die laaste lewende volwasse aankomeling van die 1904 groep, in 1954 op my vraag in die verband geantwoord: „Ek het nie weer lus gehad vir die klomp beslommernis van 'n boerdery nie". Oom Nan is in 1957 dood sonder dat hy ooit 'n duim grond besit het. Weinig verbasing behoort dan ook om dieselfde rede gewek te word deur die feit dat by véél van hulle wat wel plase geneem het, dit by die eerste die beste geleentheid aan een of ander uitlander weggegee het vir 'n appel en 'n ei.

Nie alleen dáár nie, maar ook hier by ons, is „Voortrekker" 'n Afri-

kaanse woord, maar „settler" is Engels.

Die trek na Oos-Afrika was grootliks die uitdrukking van die verknogtheid van die Afrikaner aan Afrika self, sy leegheid en sy vertes, sy somberheid en sy uiterstes, sy grimmigheid en sy oorvloed, sy malsheid en sy hardheid; dié Afrika wat in die Suide en vanuit die Suide besig was om te swig en te verdwyn voor die koue wetmatigheid van ekonomiese beheersing. En as uitdrukking van hierdie verknogtheid het die trek van die Afrikaners na Oos-Afrika in sy aanvang en in sy voortsetting, eerstens vir Afrika self, maar dan ook vir elkeen wat omgee om te kyk, die aanduiding geword van die verbluffende tuis-wees van die Afrikaner in Afrika. Wat 'n gemak in die trotsering van gevare, wat 'n vindingrykheid in die oorkoming van hindernisse, wat 'n bomenslike uithouvermoë in ontbering en ellende, wat 'n meesterlike behendigheid in die saamwees met barbare, wat 'n geniale aanvoeling vir elke gril of verrassing wat daar in die geheimsinnige dieptes mag skuil, wat 'n gelate krag te midde van rampe en teleurstellings, wat 'n aanpasbare soepelheid van dag tot dag en van situasie tot situasie, wat 'n versorgde selfgenoegsaamheid in volslae verstokenheid van elke vorm van gerief, wat 'n veilige geborgenheid op die ruwe en naakte bors van skrikaanjagende, tropiese, swart Afrika! In dié verband is dit miskien die moeite werk om hier 'n oomblik die aandag op twee wyduiteenliggende sake te vestig:

a. Spreek dieselfde tuis-wees van die Afrikaner in Afrika nie uit die verbysterende rustigheid en kalmte van die Afrikaners in die gruweltyd van die Mau Mau toe ander Europeërs in Kenia 'n toonbeeld van paniek geword het nie?

b. Is dit nie in hierdie verband tekenend van die kern van Afrikanerskap self dat die eerste Afrikaanse litteratuur, en nog wyer, die heel eerste produkte van die hele Afrikaanse kultuur wat die aandag van die wêreld getrek het, dáár ontstaan het, en daarboonop ook nog die in die verband van my betoog veelseggende titels dra van „Uit oerwoud en vlakte" en „Op safari", d.w.s. op reis, op trek, op jag, nie?

Dieselfde tuis-wees is Afrika word benadruk deur die welslae waarmee die tweede geslag Afrikaners in Oos-Afrika hulle by die toe dáár ook veranderde omstandighede aangepas het. Want die tyd van kommeren slommervrye pioniersbestaan het daar ook snel verbygegaan. En gedurende die duur daarvan het daardie eerste geslag jagters en swerwers vanselfsprekend nie iets bymekaargemaak waarmee hulle kinders die ekonomiese stryd om in 'n nuwe tyd kop bo water te hou, kan aandurf nie. So vind 'n nuwe, dáár gebore en opgegroeide en uiteraard formeel uiters karig geskoolde geslag hulle, rofweg in die begin van die dertigerjare, voor die keuse gestel : hulle moes onder die algemene lewensstandaard en feitlik onder die broodlyn 'n sukkelbestaan uit die opbrengs van olifant-

en renosterjag bly voer. Hierdie weg het 'n klein aantal opgegaan. En die meeste van hulle het dit oorleef. Of hulle moes 'n volkome nuwe ding doen. En hierdie weg het die meeste van hulle opgegaan. Hulle het hulle rug gedraai op die weelderige maar duur koffie- en sisalgebiede wat grootliks deur hulle ouers toeganklik gemaak is, maar wat nou in die hande van vreemdelinge was, en hulle het met kaal hande, sonder kapitaal, teen jaarlikse pagvoorwaardes — want die dae van gratis grondverkryging was verby — die skroeiende lawavalleie van Noord Tanganyika en die gistende oerwoudruigtes van die Hoogland van Kenia te lyf gegaan, hierdie ontembare aarde gedwing om mielies en koring voort te bring, en sodoende die grondleggers en uitbouers geword van sowel 'n eie stapelvoedselvoorsiening as 'n bestendige basiese landbouekonomie vir die onderskeie gebiede. Hierdie daad het bewondering ver buite die grense van die eie gemeenskappe afgedwing. Sover ek weet, is hierdie groep Afrikanerboere die enigste wat ooit by name in die Gritse Laerhuis genoem is, en wel deur die toenmalige konserwatiewe opposie by wyse van kritiek op die Arbeiderregering se metafisiese debakel in die berugte grondboontjieskema, met al die miljoene ponde van die Britse belastingbetaler tot hulle beskikking. In 1956 is aan wyle S. P. Kruger van Eldoret op 'n vergadering van die Keniase „Land Settlement Board", waarvan hy toe lid was, gesê : „Neem jy hierdie stuk Hoogland, en gee dit uit aan jong Afrikaners want dan weet ons die landsekonomie sal daarby baat", Aanduiding vir vriend en vyand van die tuis-wees van die Afrikaner in Afrika !

Is ons nie hier by ons ook maar nou eers besig om, met vereelte hande, uit die opbrengs van mielies en beeste, 'n klein aandeel van die eintlike rykdomme van ons land, wat ons vaders vir vreemdelinge oopgesweet en oopgely en oopgebloei het ten peperduurste terug te koop nie? Of wat is Anton Rupert en Tom Muller anders as verpersoonlikings van die opbrengs van mielies en beeste ?

Soos die Afrikaner fisies tuis is in Afrika, so is hy dit ook in geestelike sin. En ook dit spreek uit die halfeeu geskiedenis waarmee ons besig is. Hoërop het ek melding gemaak van die verbluffende aanvoeling waaroor die mense inherent beskik het vir wat daar mag skuil in die geheimsinnige Afrikadieptes. Is die halfeeu geskiedenis waarmee ons besig is nie ook 'n onmiskenbare toonbeeld van dieselfde aanvoeling in geestelike sin nie Hoe korrek het hulle nie langs dié hele vyftig jaar vooruit die grille aangevoel wat die Afrikareus tóé agter die sluier van die toekoms verberg het, maar wat in ons dag hede geword het nie ! Waarom moes hulle só taai en koppig, so begenadigdwaas vasklou aan hulle eie ou taaltjie, waarmee hulle daar nie tien treë buite die eie gemeenskap kon vorder nie; aan hulle eie ou kultuurtjie, van die bedrywighede waarvan hulle volkome geïsoleerd was,

waarvan hulle self die karigste kennis gedra het, en wat dáár hopeloos in die niet verdwyn het voor die magtige fanfare van 'n „British way of life" uitgestal vir massakonsumpsie deur die Afrikamiljoene; aan hulle eie kerk waarvan hulle só pynlik min daarwerklike versorging ontvang het; aan hulle eie vir die wêreld so agterlik irriterende leefwyse te midde van soveel luidrugtig optimistiese trompetgeskal oor die „multiracial experiment"? Dink daaraan : hierdie mense is nie vir jare in hulle jeug deur besielde onderwysers gedrenk in die liefde vir die eie soos wat dit ons begenadigde voorreg was nie; hierdie mense het tussen die einders en onder die sterre grootgeword. Hulle het nie 'n politieke party gehad wat hulle kon pantser teen 'n volgehoue propagandaoffensief nie; hulle het net bot en blind met byna dierlike redeloosheid gestaan waar hulle staan en geweier om weggestoot te word. Hulle het vir tientalle jare geen deurlopende kerklike-gemeentelike lewe gehad waarin hulle geoefen kon word om die geeste te beproef of hulle uit God is nie; óns wat hulle predikante was, het hulle só daar aangetref; ons het van hulle onnoembaar veel méér ontvang as wat ons vir hulle kon beteken. Twee insidente mag in hierdie verband, sonder die pretensie om die ontroering van die belewenis daarvan te probeer weergee, vermelding geniet:

a. Op Saterdagaand 15 Desember 1956 was dit my voorreg om 'n Geloftefeesbyeenkoms op Ol Kalau, op die Hoogland van Kenia, 'n paar myl van die ewenaar af, te gaan toespreek. Kort voor sononder het ek die plek van die Suidekant af genader. Dáár, onder die sonlyn, 3,000 myl van die Voortrekkermounment af, 9,000 voet bo seespieël, tussen die voetheuwels van die Aberdaregebergte waar 9,000 Brtise soldate toe vir baie maande besig was om verbete slag te lewer teen die laaste paar honderd uitgehongerde Mau Mau, het 'n groot Vierkleur vrolik en kommervry in die Afrikawind gewaai, oor 'n uitgestrekte plaat teene, vragmotors, kampvure, oop na die hemel toe. Dáár, rondom die herdenking van die Bloedrivierfeit, het ek daardie aand, soos nooit daarvóór óf daarná nie, 400 stemme hoor verenig in die woorde: „Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer . . . ." Die tuis-wees van die Afrikaner in Afrika? Sy onfeilbare aanvoeling vir wat in Afrika betroubaar en vas en seker is, en wát skyn, reklame, „Schall und Rauch" is?? Die volgende dag moes ek die Geloftediens op Kampfontein, nagenoeg 350 myl daarvandaan, lei. Daarom het ek die nag teruggery. Teen middernag het ek deur Nairobi gegaan. Ek het in 'n hotel gaan koffie drink. In Oos-Afrika was kafe's byna skaarser as blanke haarkappers. In die hotel was 'n dans aan die gang : wit mense, bruin mense, swart mense in één krioelende menigte; die „multiracial experiment" in volle rasende, rukkende en stampende, afstootlike, sensuele swang. Ek het verder gery, oor die Athivlakte, met die lastige besef dat daar

klaarblyklik ook ander maniere van tuis-wees in Afrika moontlik is as dié van die 400 Afrikaners op Ol Kalau by die gelofte van hulle vaders.

b. Iewers teen die begin van 1956 het Oom Gert de Beer in 'n gesprek waaraan ek deelgeneem het, aan die Direkteur van Onderwys van Tanganyika 'n antwoord verstrek op dié se vraag : wat die „sense" daarvan tog kon wees om met 'n armoedige ou Afrikaanse privaatskooltjie op Kampfontein voort te sukkel „while Her Majesty's government does provide such excellent opportunities in the government schools". Oom Gert het gesê, baie rustig en baie beheersd, in foutlose Engels : „Ons is tot op datum nie oortuig dat daar tans in Afrika 'n ander kultuur gevind kan word wat aan ons kinders soveel veiligheid sou bied vir hulle toekoms in Afrika, dat ons bereid sou wees om ons eie daarvoor te verruil nie". Die gesprek het geëindig. Die afvaardiging moes onverrigter sake teruggaan. Die Direkteur was kwaad. Hy het Oom Gert verstaan. Oom Gert het bedoel hy voel veiliger in sy naakte en powere Afrikanermens-wees as wat hy ooit sou wees in die mondering van Saul wat hom toegewerp word. Aanvoeling . . . .? Oom Gert is nog in Afrika. Sy leerlinge, oud Kampfonteiners, gaan die toekoms in Afrika sonder vrees tegemoet. 'n Aantal van hulle, onder wie een van sy eie kinders, is nog dáár aan die voet van die Meruberg in Tanganyika. Die Direkteur moes, nie baie jare ná bovermelde onderhoud nie, (was dit miskien in die vorm van 'n „multiracial" dansparty?) afskeid neem van sy betrekking — en van Afrika.

Ek was tussen die Afrikaners in Oos-Afrika van 1954 tot 1956. Dit was die jare toe die Afrikanervolk se situasie in die wêreld besig was om sy loop te neem in die rigting van Sharpeville en Cottesloe. In hierdie tyd is die Afrikaners in Oos-Afrika letterlik daagliks begrawe onder die luide versekering langs die kanale van pers, film en radio dat die volk van hulle herkoms en die land van hulle maagskap „met sy noodlottige apartheidsbeleid" besig is om onherroeplik op selfvernietiging af te stuur. Hou in gedagte dat daar in hierdie tyd bitter weinig stemme hierdie mense se ore bereik het wat die betroubaarheid van daardie dawerende versekering in twyfel kon trek. En wat was die resultaat ? Het hulle twyfelmoedig geword en maar begin saamswelg in die „multiracial" fuifparty? Nee, die teendeel is waar : juis in hierdie tyd het talle van die wat al halfpad ingesuig was in die maalstroom van rassebrassery, en in elk geval baie van diesulkes se kinders, stil-stil omgedraai, begin terugswem, en skoorvoetend kom nader staan aan die Geloftefeesvure op Ol Kalau of die flikkerende kultuurvlammetjie op Kampfontein. Waarom? Vandag, nog nie tien jaar daarná nie, sidder die magtige Weste voor die grusame monster wat op daardie tydstip onsigbaar besig was om uit die verskrompelde buik van Afrika na geboorte te dring . . . Aanvoeling?

My taak is om betekenis te peil van die bestaan van die Ned.

Herv. gemeentes wat deel uitgemaak het van hierdie stuk geskiedenis. Kán daar eintlike sprake wees van betekenisbepaling m.b.t. die bestaan van dié verskynsel wat gemeente genoem word in die wêreld? Is daar al bepaal wat die betekenis was van die 400-jarige bestaan van die gemeente van die Ou Verbond in Egipte? Of het dit al deurgeskemer wat die sin was van die bestaan van die Christelike Kerk in Noord-Afrika gedurende die eerste eeu van ons jaartelling? Hoe word die betekenis bepaal van die een-maal-gehoorde prediking van die Woord, en die een-maal-gegewe antwoord van die geloof in 'n vergane situasie ?

„Gemeente"; dit is die ruimte waarin die bediening van Woord en Sakramente plaasvind, die ruimte waarin daar geluister en gebid, geglo en gehoorsaam, bely en beslis word. Is dit nie ook die ruimte waarin die onsienlike sienlik word nie ? En wat is aanvoeling eintlik anders as die vermoë om te „wandel asof siende die onsienlike dinge"? Was die vyftigjarige verblyf van die Afrikaners in Oos-Afrika iets anders as 'n half eeu van „wandel asof siende die onsienlike dinge"? Hulle aanvoeling vir wat nog onsienlik was, het verband gehad met die ruimte waarin hulle geluister en gebid, geglo en gehoorsaam, bely en beslis het. Hulle tuiswees in Afrika het gegroei uit hulle godsdienstige geloof, wat in hierdie ruimte gevoed en in stand gehou is.

Die Afrikaners in Oos-Afrika het ook aan gemeentes van die ander Afrikaanse kerke behoort. 'n Minderheid van hulle was lidmate van die twee gemeentes waarin my onderwerp geïnteresseerd is. Die vraag dring homself op : Het dit 'n eie betekenis dat daar in hierdie jare saam met en tussen gemeentes van die ander twee Afrikaanse kerke ook twee gemeentes van die Ned. Herv. Kerk bestaan het ? Het hierdie laaste feit enige effek gehad op die verloop van die geskiedenis waarvan ons hierbo kortliks enkele algemene kenmerke aangestip het ? Of sou hierdie geskiedenis miskien ook sonder die teenwoordighid van Ned. Herv. gemeentes presies netso verloop het, en die bo-aangestipte kenmerke netso duidelik vertoon het ? En hierdie vraag sal — waarskynlik permanent — onbeantwoord bly. Wat egter 'n mate van lig in die rigting van die antwoord werp, is die feit dat die bestaan van hierdie twee gemeentes van die Ned. Herv. Kerk rofweg met die jaar 1960 eindig. Die jaar 1960 is nl. ook die jaar waarin die Ned. Herv. Kerk, by 'n gebeure wat wêreldwyd deur die naam Cottesloe in herinnering geroep word, sy eie eensame en gehoonde geroepenheid in Afrika met 'n byna redelose onontwykbaarheid voor God en die mense aanvaar en bely het. Wat was nou die sin van wat min of meer terselfdertyd in Oos-Afrika aan die verdwyn was ? „Dwase mens ! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie. En wat jy saai — jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel, bv. van koring of van iets anders. Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het . . . ." (I Kor. 15:36-38).

Indien daar verband gelê moet word tussen wat in 1960 dáár verdwyn en hiér verskyn het, en indien die geskiedskrywing van die toekoms bevind dat wat toe hiér verskyn het, betekenis gehad het vir die geskiedenis wat daarop gevolg het en nog sál volg, sal die geskiedskrywing van die toekoms sonder twyfel ook moet bevind dat die teenwoordigheid van Ned. Herv. gemeentes is Oos-Afrika 'n eie onvervangbare betekenis gehad het in die stempeling van die halfeeu geskiedenis van die Afrikaners in Oos-Afrika, soos hierbó vlugtig in oënskou geneem.

Die kern van die betekenis van die Gemeente van Christus in die wêreld moet alleereers gesoek word in wat die gemeente beteken het vir diegene wat daaraan behoort het. Gemeente kán hoogstens afgeleide betekenis hê vir wie nie daaraan behoort nie. Oor die vraag na die betekenis van die Ned. Herv. gemeentes in Oos-Afrika vir diegene wat daaraan behoort het, kan alleen in die geloof geantwoord word in woorde wat groot dele van die geskiedenis van daardie gemeentes en hulle lidmate letterlik voor oë roep: „Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel — die wêreld was hulle nie werd nie — hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond. En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie". (Heb. 11:37-40).

Maar hierná kán die bestaan van 'n gemeente dan ook inderdaad afgeleide betekenis hê vir ander gemeentes en ander gelowiges. Anders sou „Die Handelinge van die Apostels" nie in die Bybel gestaan het nie. So kan — en moet — die bestaan van die Ned. Herv. gemeente in Oos-Afrika, wat nou beëindig is, ook betekenis hê vir die Ned. Herv. Kerk van Afrika wie se toekomstaak nog in sy volle oorstelpende omvang voor hom lê. So kan — en moet — die bestaan van gemeentes van die ander Afrikaanse kerke in Oos-Afrika, wat naby die beëindiging is, ook betekenis hê vir die ander Afrikaanse kerke wie se toekomstaak saam met die van die Ned. Herv. Kerk één taak is. Gevra na hierdie betekenis, lees ek verder waar ek so pas opgehou het: „Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê, en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê . . . ." (Heb. 12:1).

Maar om só te antwoord, is nie meer betekenisbepaling wat bespiegeling is nie. Dis puur en simpel luister na Gods Woord.

**—C. L. van den Berg.**